

KNOOPTRUI MET BLOMME

Patroon en ontwerp deur
PINGOUIN-ateljee

BENODIGDHEDE

Pingouin Family Knit DK (50-g-bolle); 5(6; 6; 7) bolle swart (kleur-nr. 17, A), 3(3; 4; 4) bolle wit (01, B); en Pingouin Mist DK (50-g-bolle); 1 bol elk roeskleur (90, C), seegroen (58, D), nerts (mink, 27, E), helderrooi (48, F) en saggeel (63, G); paar Inox-breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; 5 knope.

Let wel: tensy die aanbevole breidraad gebruik word kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide kledingstuk aanvaar nie.

MATE

Om kinders van 8(10; 12; 14) jaar losies te pas; ware grootte: borsmaat 84(88; 92; 96) cm; lengte tot skouer 48(51; 54; 57) cm; moulengte 34(36; 38,5; 41) cm.

SPANNING

Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen. 19 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-Ne. Vir die beste resultaat is dit hoogs belangrik om die regte spanning te verkry. Indien daar te min ste in jou toetslappie is moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; R(V)K – regte (verkeerde) kant van werk, weersk – weerskante; rif – risselsteek, r1, aw1; ks – koussteek, 1 ry regs, 1 ry aweregs.

Die blommotiewe op voorpante word met duplikaatsteek geborduur.

Streepvolgorde voor voorpante en agterpant: deurgaans ks, beg met 'n r-ry, (6 rye B, 6 rye A) 3(3; 3; 4) keer, 6 rye B = 42(42; 42; 54) rye.

Streepvolgorde vir moue: deurgaans ks, beg met 'n r-ry, (6 rye B, 6 rye A) 6(7; 7; 8) keer, 6(0; 6; 0) rye B = 78(84; 90; 96) rye.

AGTERPANT

Gebruik 3,25-mm-Ne en A en stel 71(75; 79; 83) ste op, brei rif.

1e (RK) ry: aw1, *r1, aw1; herh van * tot einde.

2e ry: r1, *aw1, r1; herh van * tot einde.

Herh dié 2 rye tot werk 6 cm lank is, eindig met 'n 1e rif-ry.


Vermeer-ry: rif 3(5; 7; 9), (vermeer

Elke meisie sal smag daarna om in só 'n trui gesien te word. Die patroon is maklik genoeg sodat selfs 'n nooi hom kan volg en self 'n pragstuk skep

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

patroon en diagramme verwerk deur SJOUKJE JORDAAN; foto PINGOUIN

DIAGRAM 1, REGTERVOORPANT




Borduur motiewe met
duplikaatsteek; kyk by
aanwysings vir plasing
van motiewe.

KLEURSLEUTEL

+ – C ● – E ■ – G
/ – D | – F

DIAGRAM 2, LINKERVOORPANT





'N BLOMTRUI VIR 'N MEISIEKIND

in vlg st, rif 7) 8 keer, vermeer in vlg st, rif 3(5; 7; 9) – 80(84; 88; 92) ste. Slaan oor na 4-mm-Ne en brei streepvolgorde soos uiteengesit.

Nadat die laaste streep voltooi is moet met A voortgebrei word, sonder vorming, tot werk 30(32; 34; 36) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming

Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, brei dan voort op oorbl 72(76; 80; 84) ste, tot werk 48(51; 54; 57) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Skouer- en halsvorming

Heg 7(7; 8; 8) ste af aan beg van vlg 2 rye.

3e ry: heg 7(7; 8; 8) ste af, r tot daar 13(14; 13; 14) ste op regternaald is, plaas die ste op houer vir regterskouer, heg vlg 18(20; 22; 24) ste af, r tot einde.

Brei op die 20(21; 21; 22) ste op N vir linkerskouer.

Heg 7(7; 8; 8) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van vlg ry.

Heg oorbl 8(9; 8; 9) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

▲ *Die swart trui met wit strepe is gebrei van Pingouin Family Knit-dubbelbreidraad en die blomme is geborduur in duplikaatsteek met Pingouin Mist-dubbelbreidraad.*

Heg breidraad aan halsrand van regterskouer-ste vas, heg 5 ste af, aw tot einde.

Heg oorbl 8(9; 8; 9) ste af.

REGTERVOORPANT

Gebruik 3,25-mm-Ne en A en stel
NA BLADSY 110

'N BLOMTRUI

VIR 'N MEISIEKIND

VAN BLADSY 107

35(37; 39; 41) ste op, brei 6 cm rif soos uiteengesit vir agterpant, eindig met 'n 1e rif-ry.

Vermeer-ry: rif 3(4; 5; 6) (vermeer in vlg st, rif 6) 4 keer, vermeer in vlg st, rif 3(4; 5; 6) – 40(42; 44; 46) ste.

Slaan oor na 4-mm-Ne en streep-pat, brei tot laaste streep voltooi is, brei dan voort met A, sonder vorming, tot pant so lank soos agterpant tot beg van mousgat is, eindig met 'n r-ry.

Mousgat- en voorpantvorming

Heg 4 ste af aan beg van vlg ry, brei 1 ry op oorbl 36(38; 40; 42) ste.

Vermin daarna 1 st aan voorpantrand in vlg ry, dan elke daaropvlg 3e ry nog 13(14; 15; 16) keer.

Hou **terselfdertyd** syrand reguit tot werk so lank is soos agterpant tot beg van skouervorming, eindig aan mousgatrand.

Skouervorming

Heg 7(7; 8; 8) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, brei 1 ry, heg dan oorbl 8(9; 8; 9) ste af.

LINKERVOORPANT

Soos agtervoorpant, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2)

Gebruik 3,25-mm-Ne en A, stel 41(43; 45; 47) ste op, brei 6 cm rif soos uiteengesit en eindig met 'n 1e rif-ry.

Vermeer-ry: rif 3(4; 6; 7), (vermeer in vlg st, rif 6(6; 7; 7), 5(5; 4; 4) keer, vermeer in vlg st, rif 2(3; 6; 7) – 47(49; 50; 52) ste.

Slaan oor na 4-mm-Ne en streep-pat vir moue: vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 6e ry 11(12; 13; 14) keer, brei voort op 69(73; 76; 80) tot laaste streep voltooi is. Heg alle ste af.

VOORPANTSTROOK

Gebruik 3,25-mm-Ne en A en stel 11 ste op.

1e (RK) ry: r2, (aw1, r1) 4 keer, r1.

2e ry: r1, (aw1, r1) 5 keer. Brei so voort in rif tot werk 3 cm lank is van af beg, eindig met 'n 2e rif-ry en brei 'n knoopsgat.

Vlg ry: r2, aw1, r1, heg 3 ste af, brei tot einde.

Vlg ry: (r1, aw1) 2 keer, draai, stel 3 ste op, draai, (aw1, r1) 2 keer.

Brei so voort in rif en maak nog 4 knoopsgate, elkeen 6,5(7; 7,5; 8) cm bokant afhegrand van vorige knoopsgat, brei dan rif tot strook, effens gerek, teenaan albei voorpantrande en halsrand van agterpant pas. Plaas ste op 'n haakspeld maar moenie die breidraad afknip nie.

BORDUURWERK

Begin by regtervoorpant, volg diagram 1.

Slaan die eerste 2 A-rye ná die laaste streep oor en merk in vlg ry met spelde die middelste 38 ste. Beg by hierdie ry, borduur met duplikaatsteek motiewe volgens diagram. Vir die eerste grootte moet die laaste klein blomknop aan voorpantrand, digby bokant van die diagram, weggelaat word.

Gebruik diagram 2 vir linkervoorpant. Slaan die eerste 2 A-rye ná laaste streep oor en merk vlg ry 37 ste, slaan 2(3; 4; 5) ste aan syrand en 1(2; 3; 4) aan voorpantrand oor. Borduurmotief begin op hierdie ry.

AFWERKING

Werk skouernate toe. Speld voorpantboord vas, knoopsgate teenaan regtervoorpant en effens gerek om halslyn, om te sorg dat dit netjies pas.

Pas lengte aan deur nog 'n paar rye te brei indien nodig en heg rifsgewys af.

Werk die strook vas soos vasgespeld. Werk afhegrande van moukoppe aan syrande van mousgate vas, werk die afheg-ste van mousgat aan laaste 6 rye van sykante van moue vas. Werk sy- en mounate toe, sorg dat strepe ooreenstem. Werk knope teenoor knoopsgate vas.

LIPPE SMAG DAARNA

Sagte, gladde volronde lippe smag na vog. Dis hoekom hulle Quencher nodig het. Quencher het vyf versagtingsmiddels om vog te verseël. 'n Sonskermmiddel om te help om die son se skadelike strale te filtreer en koringkiem wat voed en beskerm. En Quencher is beskikbaar in 'n opwindende reeks pragtige kleure. Dit dra alles by tot pragtige lippe wat nooit na asem-snok nie.

Quencher

MOISTURISING LIPSTICK
MET SUNSCREEN

deur Sally Hansen

